

Wys my die weg, Here

WELKOM

Speel "Wie sal eerder ...?" saam. Gee vir elke persoon 'n skoon vel papier en 'n skryfding. Vra 'n klomp vrae vir die groep. Ná elke vraag moet die jongmense die persoon se naam neerskryf wat hulle dink by die vraag pas. Die jongmense moet dan vir mekaar wys wie se naam hulle neergeskryf het.

Hier is 'n paar voorbeelde van vrae:

- Wie sal eerder TV kyk as fiets gaan ry?
- Wie sal eerder bak as braai?
- Wie sal eerder 'n boek op 'n Kindle as 'n gedrukte boek lees?
- Wie sal eerder roomys eet as chips?

Nota: Vra 'n paar vrae waarvan die antwoord (die persoon) voor die hand liggend is, maar ook 'n paar wat nie duidelik is nie.

Ons moet elke dag 'n klomp keuses maak. Op die ou end bepaal al hierdie keuses die rigting van ons lewe. Soms is dit maklik om te sien wat die beter keuse is, en ander kere nie.

Vandag gaan ons gesels oor iemand in die Bybel wat 'n groot keuse moes maak

WONDER

Lees [Genesis 4:1-16](#) saam.

Gesels saam:

- Hoe sou jy opgetree het as jy in Kain se skoene was?
- Dink julle omdat God nie Kain se offer aanvaar het nie, Hy ook nie meer vir Kain aanvaar het nie? Hoekom sê julle so?
- Wat dink julle beteken die volgende woorde in vers 7: "As jy egter nie goed doen nie, lê die sonde op die loer voor die deur. Na jou is sy begeerte, maar jy moet oor hom heers"?
- Kain sê dat hy nou vir God moet wegkruip, maar God beskerm vir Kain, al het hy 'n groot fout gemaak. Wat sê dit vir ons van hoe God teenoor ons optree wanneer ons foute maak.

WEES

Laat die jongmense aan iets dink waarom hulle spyt is – 'n fout wat hulle gemaak het en nie kan terugvat nie. Hulle hoef dit nie hardop met die groep te deel nie.

Gee vir hulle kans om op hulle eie 'n simbool te teken wat hulle herinner dat God se genade groter as hulle foute is.

Kain se "merkteken" (v 15) het nie sy skuld uitgewis nie, maar dit het sy lewe beskerm. Die simbool wat julle elkeen geteken het, kan julle herinner dat God se genade ewig is – selfs hier en nou.

Gesels saam:

- Hoe voel dit om te weet dat God nie net straf nie, maar jou ook beskerm en selfs 'n tweede kans gee?
- Hoe sou hierdie aanhaling uit die boek *Atomic habits* vir Kain en vir ons kon help:

Every action you take is a vote for the type of person you wish to become. No single instance will transform your beliefs, but as the votes build up, so does the evidence of your new identity. This is one reason why meaningful change does not require radical change. Small habits can make a meaningful difference by providing evidence of a new identity. And if a change is meaningful, it is actually big. That's the paradox of making small improvements.



Laat die jongmense vir mekaar vertel watter liedjies hulle in moeilike tye luister om hulle te help om uiting aan hulle emosies te gee. Stel 'n playlist vir julle groep saam uit al die liedjies wat genoem word.